

14 November

Skrifgedeelte: 1 Petrus 2
Fokusgedeelte: 1 Petrus 2:11-17

Voorbeeldige lewenswandel

Beproevinge is nie net daar om ons geloof te toets en te louter nie. Dit sou dan net na binne gerig wees. God het ook vir ons 'n na-buite-gerigte doel. Die wêreld het God nie geken en nog minder geëer. Daarby was hulle die gelowiges vyandiggesind. Die Christene is behandel asof hulle misdadigers was. Die heidene het hulle met agterdog bejeën en kwaad van hulle gepraat (vs 12). Hierdie verkeerde persepsies van die heidene moes omgedraai word. God het immers in sy genadige voorsienigheid mense uit alle volke en tale vir sy ewige woning bestem (Openb 7:9). Om die persepsies te verander, word die gelowiges opgeroep om voorbeeldig te lewe. Hulle optrede en gedrag in die wêreld moet van só 'n aard wees dat die heidene dit positief ervaar en God wil verheerlik. En veral moet dit sigbaar en konkreet wees. Petrus skrywe dat die heidene dit moet kan "sien" (NAV, vs 12). Die OAV druk dit nog sterker uit: "aanskou."

Wat is 'n voorbeeldige gedrag? Wat verwag die Here van ons? Dit word hier duidelik aangestip:

- Dit is die wil van die Here dat jy jou aan *menslike owerhede onderwerp* – van die hoogste gesag tot sy gevolmagtigdes (vs 13-14). Vir ons: van die president tot die verkeerskonstabel. God het 'n doel met gesagstrukture: kwaaddoeners moet gestraf word en weldoeners geprys word (vs 14).
- Goeie dade is nodig sodat die wêreld sal ophou om sleg van die kerk te praat. Die wêreld doen dit uit onkunde (vs 15). Ons lees elke dag in koerante van die onkunde en onwaarhede. Só asof die mense hulle kerkloosheid wil regverdig deur die kerk aan te val. Daarom moet die gelowiges deur sigbare gedrag 'n einde maak aan die venyn.
- Christus het ons vrygemaak van elke denkbare mag. Dis in kontras met die wêreld. Dink maar net aan gewetebinding in Moslemlande. Leef hierdie vryheid in Christus korrek uit. Pasop, die wêreld hou ons dop. Gebruik jou vryheid slegs om God te dien (vs 16).
- Respekteer mense. Daar is miljoene wat geen respek in die samelewing ontvang nie. Hulle word net misbruik, uitgeskel en verkul. Gelowiges moet hierdie behandeling omkeer en 'n nuwe standaard van menswaardigheid daarstel.

Sing: Skrifberyming 8-1 (14)

Ds AS Heystek (Emeritus)